# SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

## AFRIKAANS, Augustus, 1924.

**(Twee-en-'n-half uur.)**

1. Gebruik die volgende byvoeglike naamwoorde in kort, volledige sinne:

   Fraai, nat, stowwerig, aangenaam, skemeragtig. (5)

2. Skryf die meervoud van:

   Statuut, trom, ui, oog, van, erf, wrak, aangesig, kommando, karavaan. (5)

3. Skryf die volgende in die verlede tyd:

   Die stok dryf op die water; hy hou boek by Jan Smit; die portret hang aan die muur; die man slaan die spyker in die plank; Piet skryf 'n brief aan sy Ma. (5)

4. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe:

   Hereniging, mielieoes, tandeborsel, senuweeagtig, mettertyd, onverstandig, moontlikheid, afskuwelik, uniwersiteit, vrypostig. (10)

5. Gee die teëstellinge van:

   'n Ryp appel; 'n siek kind; 'n arm man; 'n mak perd; 'n flukse os. (5)

6. Skryf die manlike vorm van:

   Aktriese, non, kristin, skoonsuster, merrie,

   en die

   vroulike vorm van:

   Skrywer, eggenoot, leraar, volstruis, ram. (5)

7. Vertaal:

(*a*) Basutoland is famous for its rugged mountain scenery.
(*b*) The British Empire Exhibition is attracting visitors from all over the world.
(*c*) Feeling usually runs high during parliamentary elections.
(*d*) The fast train service, between Johannesburg and Cape Town is a great convenience to the public.
(*e*) Tell your uncle he must hurry, if he wants to catch the early train to Pretoria.
(*f*) Large irrigation works were completed last year.
(*g*) What time does the last train leave the Town Hall?
(*h*) The locusts are causing much damage to crops.
(*i*) The farmers are the backbone of the country.
(*j*) The frost has been very severe this winter. (20)

8. Vertaal:

Spoorweë is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van 'n jong land soos Suid-Afrika; daarom is dit so noodsaaklik om nuwe lyne aan te bou. Die tariewe moet so laag as moontlik gemaak word, sodat die uitvoer van ons produkte bevorder kan word. Gedurende die oorlog was die bestuur verplig om die uitreiking van ekskursiekaartjies na die kus en ander vakansieoorde tydelik te staak. Vanaf laaste jaar was die Administrasie egter weer instaat om kaartjies gedurende sekere tye van die jaar teen verminderde prys uit te reik. (20)

9. Skryf 'n opstel van minstens 20 reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:

1. 'n Werkstaking.
2. 'n Droom.

3. Die natuurskoon van Suid-Afrika.
4. Oorlog.
5. „Elke huis het sy kruisie”.

(25)

10. Skryf ’n brief van minstens 20 reëls aan die Algemene Bestuurder van Spoorweë, waarin u besonderhede vra omtrent ekskursiegeriewe na die kus. (25)

11. Diktee. (30)

12. Mondeling. (50)